



10 Julie 2020

ALGEMENE NUUSBRIEF

Baie welkom terug aan al die Graad10- en 11-leerders. Dit is werklik aangenaam om al dié Wonnies weer terug by die skool te verwelkom.

1. COVID-19 GEVAL

Ons is twee weke gelede gekonfronteer met die realiteit dat een van ons leerders positief getoets het vir die virus. Ons het onmiddellik opgetree volgens voorskrifte: Leerders wat saam met die leerder in die onderskeie klasse was, is huis toe gestuur vir 14 dae self-isolasie. Alle lokale is ontsmet en die skool was gesluit. Ons is dankbaar dat nie een leerder of personeel wat kontak met die leerder gehad het ná 14 dae enige simptome getoon het nie.

Ouers kan gemoedsrus hê dat streng protokolle daaglik gevolg word. Leerders se temperatuur word deurgaans gedurende die skooldag geneem. Daar is saniteerstasies op verskeie plekke op die skoolterrein en alle klasse en leerders word na elke periodewisseling ontsmet.

Ongelukkig is dit nie moontlik in 'n Hoërskool met 21 vakke vir graad 10-12 om in een lokaal te bly en slegs personeel te laat wissel nie. Dit is prakties nie moontlik nie omdat 'n leerder in een klas wat bv. Wiskunde neem, nie noodwendig dieselfde keusevakke het as ander leerders in sy klas nie. Slegs vir die graad 8- en 9-leerders is die reëling moontlik dat onderwysers roteer en nie die leerders nie.

2. MAATREËLS VIR COVID

Ons deel weereens met u die maatreëls wat gevolg word om te verseker dat die verspreiding van die virus so ver moontlik verhoed word.

- By die hek voor leerders in die skool instap: Leerders se temperatuur word geneem, die Covid 19-vrae word hanteer en leerders se hande word ontsmet.
- By die klas voordat leerders in die klas instap: Hande word ontsmet.
- Binne die klas: Hande word gedurig ontsmet. Maskers of skerms word die hele dag gedra.
- Leerders se temperatuur word weer deur die loop van die dag geneem.
- Ná elke klaswisseling word alle oppervlaktes ontsmet.
- Ná skool word klasse, badkamers, deurhandvatsels en handrelings weer ontsmet.
- Gereelde besoek van die Departement van Onderwys om te verseker dat die Covid-19-protokol gevolg word en ons veilig is.

Vir die proses van sanitasie word slegs goedgekeurde skoonmaakmiddels gebruik.

3. DIE HANTERING VAN COVID/SIMPTOME

- Geen leerder wie se temperatuur te hoog is of wat enige simptome het, word by die skool in die klasse toegelaat nie.
- Indien 'n leerder deur die dag enige simptome of temperatuurverandering toon, word hulle eers na die afkoelkamer en dan na die Isolasiëkamer verwys. U as ouer sal onmiddellik gekontak word.
- Baie ouers kom noodgedwonge in hulle werksplekke in kontak met persone wat positief getoets het. Die ouers word dan vir 14 dae in isolasie geplaas. Aangesien u kind in direkte kontak met u is, moet die ouer asseblief self 'n Covid toets ondergaan. Totdat u negatief toets, hou asseblief u kind by die huis en stel die skool in kennis.
- Indien enige gesinslid positief toets, moet die hele gesin (leerder ingesluit) vir 14 dae in isolasie geplaas word. Verwittig asseblief die skool hiervan.
- Ons versoek asseblief dat glad nie u kind skool toe sal stuur indien hul griep- of verkoue verwante simptome (Covid-19-simptome) het nie.
- Ons wil asseblief 'n versoek aan ouers rig dat daar voortdurend by die inperkingsregulasies gehou sal word.

4. GOOGLE CLASSROOM

Ons is bevoorreg om te midde van onderbrekings leerders te kan ondersteun d.m.v. die Google-Classroom platform. Soos wat die onderskeie grade terugkeer skool toe, verander die aard van die lesse wat geplaas word. Om videolesse op te neem verg geweldig baie tyd en daarom sal personeel net 'n plasing maak van die werk wat behandel is en die huiswerk wat gedoen moet word. Daar kan nie verwag word van personeel om by "twee" skole te werk nie omdat die voorbereiding van bv. 'n Powerpoint videoles ure neem om voor te berei. Daar sal elke dag slegs 'n plasing wees van die tema wat behandel is, die bladsyverwysing uit die handboek en die huiswerk wat gedoen moet word. Bv. Graad 10 geografie: Geomorfologie, Winderosie (bl. 67). Huiswerk: Oefening 2.7 Bl. 34. Hierdie sal die minimum vereiste wees. Enige addisionele materiaal kan volgens die onderwyser se keuse geplaas word.

5. NUWE GOOGLE CLASSROOM LEERDER-TOEGANG

Die skool is ten volle geregistreer vir die G-suite pakket wat behels dat die Google Classroom as 'n geslote Wonnie-domein bestuur kan word. Tans gebruik alle leerders op die Google Classroom hulle eie Gmail rekening. Enige iemand kan dus tans nog aansluit by die klaskamers. Ons het selfs leerders van ander skole, wat as "roofkykers" ons klaskamers gebruik.

Ons is egter nou gereed om die leerders se persoonlike @wonnies Gmail rekening, met 'n wagwoord wat die leerder kan verander sodra hy/sy inteken op die Google-Classroom, uit te gee. Leerders sal dan nie meer op hulle eie Gmail rekening kan inteken op die Classroom nie. Ons plan is om hierdie nuwe gebruikersname en wagwoorde vanaf Maandag, die 20ste Augustus, te begin uitgee. Slegs leerders wat by die skool is en leerders wat geldige goedgekeurde ko-morbiditeite het, sal voorsien word van hulle nuwe gebruikersnaam en wagwoorde. Daarna sal alle ander leerders nie meer toegang tot die klaskamer hê alvorens hulle nie hulle nuwe inteken-besonderhede by die skool gekry het nie.

6. SKOOLGELD

Ons herinner elke ouer aan u verpligting rakende skoolfonds. Dit is 'n kontraktuele verbinding wat u met die skool het. Al was u kind tuis, is daar steeds klasse op die Google Classroom platform aangebied. Indien u enige finansiële uitdagings ervaar, kontak me Benninghof by invorderaar@wonnies.co.za vir hulp.



M LEZAR
SKOOLHOOF